# SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION
## *SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN*

**OCTOBER / NOVEMBER**
***OKTOBER / NOVEMBER***

**2004**

**AFRIKAANS**
**ADDISIONELE TAAL**

**(Derde Vraestel: Skryfvaardighede)**

HG **102-1/3**

***6 bladsye***

AFRIKAANS TWEEDE TAAL HG: Vraestel 3

102 1 3 HG

COPYRIGHT RESERVED / *KOPIEREG VOORBEHOU*
APPROVED BY UMALUSI / *GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI*

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL HG**
**(Derde Vraestel: Skryfvaardighede)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 80**

---

**INSTRUKSIES**:

- Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings (A, B en C).
- Beantwoord slegs DRIE vrae:
  - EEN onderwerp uit Afdeling A
  - EEN onderwerp uit Afdeling B
  - EEN onderwerp uit Afdeling C
- Nommer jou werk presies soos op die vraestel.
- Skryf netjies en leesbaar.

- Daar moet bewys van beplanning en redigering by elke skryfstuk wees.
- Gebruik die skoon bladsye in jou antwoordboek vir jou beplanning en redigering.

---

## AFDELING A
## LANG SKRYFSTUK

### VRAAG 1


Kies EEN vraag en voer dan die opdrag van 250 – 300 woorde by daardie vraag uit.

1.1 Jy is alleen by die huis. Skielik is daar 'n harde klop aan die deur ...

Voltooi die **storie** deur te **vertel** wat verder gebeur het. (40)

**OF**

1.2 Jy het 'n baie goeie vriend(in).
Julle help mekaar altyd as julle kan.



- Wie is die vriend(in)?
- Hoekom is dit jou beste vriend(in)
- Wat beteken dié vriendskap vir jou?
- Hoe en waarom help julle mekaar altyd?

(40)

**OF**

1.3 Werkloosheid is 'n groot probleem in ons land. Dit het veral 'n groot invloed op ons jongmense. JA / NEE. Gee jou **opinie**.

Dink aan:

- Waarom is werkloosheid 'n groot probleem?
- Hoe het werkloosheid 'n invloed op jou?
- Watter oplossing kan jy vir werkloosheid bied? (40)

**OF**

1.4 Jy skryf uiteindelik jou finale eksamen!
Jy is oortuig jy gaan slaag.

- Hoe het jy vir die eksamen voorberei?
- Watter vak was vir jou die moeilikste? Hoekom?
- Wat beplan jy vir volgende jaar?

(40)

**OF**

1.5 Baie motorbestuurders steur hulle nie aan padtekens nie. Hulle veroorsaak dan baie ongelukke en mense se dood. Gee voorbeelde en feite uit jou eie omgewing.



- Waarom steur motorbestuurders hulle nie aan padtekens nie?
- Is daar voldoende padtekens in jou omgewing?
- Watter oplossings kan jy voorstel?

(40)

**TOTAAL VIR AFDELING A: [40]**

## AFDELING B
### KORTER SKRYFSTUK

### VRAAG 2

- Kies slegs EEN vraag en voer dan die opdrag van 120 – 150 woorde by daardie vraag uit.
- Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.

2.1 Jou oupa bel jou en deel jou mee dat jou ouma baie siek is in die hospitaal. Hy is bekommerd oor haar toestand.

Skryf jul gesprek in dialoogvorm neer.

- Hoekom is sy in die hospitaal?
- Waarom is jou oupa bekommerd oor haar toestand?
- Hoe kan jy help? (20)

**OF**

2.2 Jy het 'n baie interessante wedstryd bygewoon.
Dit was 'n baie opwindende wedstryd en die toeskouers het dit baie geniet.

Skryf 'n artikel vir jou plaaslike koerant waarin jy vertel

- wie die spanne was,
- hoe die wedstryd verloop het en
- waarom die speler van die wedstryd so goed was.



(20)

**OF**

2.3 Jy beplan om volgende jaar aan die Technikon van Pretoria te gaan studeer.
Doen aansoek om toelating in briefvorm by die Technikon.

- Noem jou Graad 12-vakke en of jy dit op Hoër Graad of Standaardgraad geslaag het.
- Meld jou geslag, ouderdom, die kursus wat jy wil volg en waarom hulle jou moet toelaat.

**Technikon Pretoria**
*– vir jou toekoms –*

**Skryf nou in!**

Rig aansoeke aan:

Die Administrateur
Posbus 2145
PRETORIA
0001

(20)

**TOTAAL VIR AFDELING B: [20]**

## AFDELING C
## FUNKSIONELE SKRYFSTUK

### VRAAG 3

- Kies slegs EEN vraag en voer dan die opdrag van 120 – 150 woorde by daardie vraag uit.
- Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.

3.1 Jy het toelating tot 'n universiteit verkry. Jou familie beplan 'n partytjie vir jou. Jy voel dit is goed dat jou oudste broer/suster wat oorsee studeer, 'n toespraak kom gee.

3.1.1 Rig jou **uitnodiging** van ongeveer **40 – 50 woorde** aan jou broer/suster.



Onthou om te noem

- **Wanneer** en **hoe laat** sal die partytjie wees?
- **Waar** gaan die partytjie gehou word?
- **Watter** soort partytjie sal dit wees?
- **Watter** soort kleredrag moet almal aantrek?

**EN**

3.1.2 Motiveer in 'n **faksboodskap** van ongeveer **80 – 100 woorde**

- waarom jou broer/suster daar moet wees en
- waarom jou broer/suster moet kom praat.

(20)

**OF**

3.2 Jou skool/kollege het 'n advertensie uitgeskryf om jou skool/kollege te adverteer. Jy het besluit om deel te neem.


Skryf en ontwerp jou **advertensie** en sluit die volgende inligting in:

- Watter studierigting en vakke word aangebied?
- Hoeveel en tipe personeel?
- Sportaktiwiteite wat aangebied word.
- Kultuuraktiwiteite wat aangebied word.
- Wat is die gelde wat betaal moet word?
- Watter tipe kleredrag word gedra? (20)

**OF**

3.3 Jy het onlangs 'n nuwe rolprent gesien.

Skryf 'n **resensie** oor die rolprent wat jy gesien het waarin jy vertel hoe goed of swak die rolprent was.



Dink aan

- wie die akteurs was,
- waaroor die rolprent gegaan het en of
- jy die rolprent sal aanbeveel. Waarom?

**(20)**

**TOTAAL VIF AFDELING C: [20]**

**TOTAAL: 80**

**EINDE**